

# PULA IMVUILA



## Maak dit moontlik met herkapitalisering

'n Groep herkapitaliseringsboere van die Delareyville-distrik en hul mentors.

DIE HERKAPITALISERINGS PROGRAM VAN DIE DEPARTEMENT VAN LANDELIKE ONTWIKKELING EN GRONDHERVORMING EN DIE DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN LANDELIKE ONTWIKKELING MAAK DIT MOONTLIK OM ONS MISSIE TE BEREIK, WAT DIE VOLGENDE IS: "OM BEVOEGDE KOMMERSIELLE GRAANBOERE TE ONTWIKKEL EN OM TOT HUISHOUDELIKE EN NASIONALE VOEDSELSKURITEIT BY TE DRA." ONS IS IN STAAT OM BOERE TE ONDERSTEUN OM DIE REGTE DING TE DOEN – HULLE MOET WEET WAT OM TE DOEN EN DAN IN 'N FINANSIEËLE POSISIE WEES OM DIT UIT TE VOER.

Ons is baie bevoorreg om ooreenkoms met die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming op nasionale vlak asook met die Noordwes Departement van Landbou en Landelike Ontwikkeling aan te gaan. Ons is tans soos volg by herkapitalisering betrokke:

### • Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming

- Vrystaat 16 (plus 4 wat nog in proses is);
- Mpumalanga 2; en
- Noordwes 14.

### • Noordwes Departement van Landbou en Landelike Ontwikkeling

- 26 boere (toerusting vir eie gebruik); en
- 83 boere (DLLO-toerusting).

Die herkapitaliseringaprogram van die departemente is 'n lang proses en vereis moed en toewyding om af te handel. Dit is soms baie uitdagend, maar in die meeste gevalle verrykend.

### Die herkapitaliseringaprogram

#### Ooreenkoms met die departemente

Dit is noodsaaklik om 'n duidelike ooreenkoms met die departemente te hê voordat daar met die program begin word – ons moet almal 'n duidelike beeld

Graan SA tydskrif vir ontwikkelende boere

## LEES BINNE:

- 6 > Bestuur vir sukses – verseker 'n winsgewende oes
- 9 > Veiligheid in die werkswinkel is belangrik
- 11 > Leer ken...Ralph Swart



10



12



## Ouma Jane sê...

**O**ns was baie geseënd sedert Kongres 2012. Dieselfde tyd verlede jaar het ons oor die 16 boere in die Vrystaat wat geherkapitaliseer is, berig – in hierdie uitgawe berig ons oor 142 boere in drie provinsies wat geherkapitaliseer is. Wat 'n voorreg om deel van hierdie wonderlike venootskap met die regering, wat werklik 'n impak op mense in die plattelandse gebiede het, te wees.

Hoewel boerdery baie ingewikkeld is, is boere tog in staat om die bevolking van die wêreld te voed – dit doen hulle reeds vir eeu lank. Dit wil voorkom of weerpatrone begin verander en ons meer as ooit vantevore met ekstreme weerpatrone te doen het. Onkruid raak immuu en natuurlik styg koste. Gelukkig styg die koste van gewasse ook en goeie boere genereer wins, wat hulle vir hulle moeite beloon.

Een van die grootste uitdagings wat ons met herkapitalisering in die gesig staar, is die besluit of ons nuwe trekkers en implemente moet koop, of moet ons baie geld spaar en gebruikte implemente koop. Nuwes is duur, maar dikwels meer betroubaar, terwyl daar groot besparings met gebruikte implemente is, maar brekasië kan baie frustrasies gedurende die besige seisoen meebring.

In ons program glo ons dat die geld so goed as moontlik bestee moet word – ons moenie spandabelrig wees net omdat die regering die geld voorsien nie. Die besluite wat ons neem, moet dieselfde wees as wanneer ons ons eie geld sou gebruik.

Dit is baie moeilik om dit te regverdig as nuwe trekkers en implemente vir 'n klein boer gekoop word – die kapitaalbelegging maak nie sin nie. Kleiner boere kan miskien nuwe masjinerie deel (met die uitdagings wat gedeelde goedere bring), of hulle kan gebruikte trekkers en implemente koop en dit alleen gebruik. Albei opsies bied baie uitdagings. Dink asseblief hieroor na – ons moet gesamentlike besluite oor hierdie aangeleenthede neem, aangesien ons met publieke fondse werk.

Kom ons hoop dat die gewasse wat hierdie jaar geoes word, goeie beloning vir al die moeite wat elke boer ingesit het, sal bied – ten einde sy familie, sy gemeenskap en sy land te voed. Julle as boere moet onthou watter waardevolle bydrae julle aan ons land lewer – dankie vir die kos wat ons eet!



## Maak dit moontlik met herkapitalisering



Die trekkers en implemente wat aangekoop is, is hier by die Kgoro Opleidingsentrum te sien.

hê van die doelwitte wat ons probeer bereik. Ons het ooreenkoms met die departemente wat die rolle en verantwoordelikhede van alle partye duidelik uiteensit – die boere, die departemente en Graan SA. Dit is belangrik om te verseker dat almal die kontrak verstaan en dat al die klousules implementeerbaar is. Alle partye moet beskerm word, maar terselfdertyd moet alle partye vir hul rol in die proses verantwoordelik wees.

### Die seleksie van boere

Die seleksie van boere is een van die moeilikste en mees omstrede kwessies in die hele program – wie moet vir herkapitalisering kwalifiseer? Wanneer dit by hierdie keuse kom, is daar baie verskillende agendas. Die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming wil toesien dat die begunstigdes van die program vir die herverdeling van grond (en al die verskillende variasies) voordeel trek. Die Departement van Landbou en Landelike Ontwikkeling wil verhoogde produksie en werkskepping sien. Graan SA sou graag wou sien dat toegewyde en opgeleide boere baat vind. Dan natuurlik, is daar diegene wat polities verbind is en wat ander kanale gebruik om hulself op die lys te kry. Daar is selfs 'n paar baie ryk en goed gevestigde individue wat ontvangers van herkapitalisering is. Dit is natuurlik nie ideaal nie.

Gelukkig was Graan SA in staat om 'n aantal boere wat alreeds vir 'n paar jaar deel van ons program is, te kies – dit was die grootste sukses. Hierdie boere het studiegroepvergaderings bygewoon, die demonstrasieproewe gesien, individuele ondersteuning op die plaas ontvang, talle kursusse bygewoon en die Pula/lmvula maandelikse nuusbrief vir die jaar ontvang – hulle weet wat die korrekte praktiese is en hulle wil die regte ding doen.

### Voorbereiding van besigheidsplanne

Nadat die boere geïdentifiseer is, moet ons 'n realistiese besigheidsplan voorberei – binne die beperkings van die begroting. Ons probeer om die boerdery op 'n holistiese wyse aan te spreek en die boer te help om optimale gebruik van die natuurlike hulpbronne wat aan hom/haar beskikbaar gestel word, te maak. In sommige gevalle word die inhoud van die besigheidsplan deur die spesifieke fokus van die departement of deur die beskikbare begroting geleei.

Sommige boere het net toegang tot 100 ha grond, terwyl ander toegang tot 1 000 ha verkry – dit beïnvloed die inhoud van die besigheidsplan baie. Dit is nie moontlik om die aankoop van nuwe implemente en trekkers vir 'n boer wat net 100 ha plant, te regverdig nie – dit is net te duur en 'n mens probeer om goeie tweedehandse toerusting te koop. Dit bring ook uitdagings – tweedehandse toerusting is soms moeilik om te vind en vereis instandhouding van die begin af. Dit is 'n goeie leerervaring vir boere, maar sommige boere stel nie belang om te leer nie, aangesien hulle net die "grootste en die beste" van alles wil hê!

### Identifisering van mentors

Die mentors is 'n belangrike deel van die herkapitaliseringprogram. Dit is baie belangrik om die regte mense te identifiseer en te betrek – diegene wat boerdery-ondervinding het, die "hart" het om die ontwikkelende boer te help, die tyd het om die werk te doen, wat eerlik en betroubaar is en wat bereid is om binne die gevestigde raamwerk te werk. Hulle moet opgelei word, sodat hulle die prosesse met betrekking tot mentorskap en die aankoop van goedere verstaan.

**Verhoudings met die voorligtingsbeamptes**

Oor die afgelope aantal jare het die voorligtingsbeamptes van die Departement van Landbou en Landelike Ontwikkeling onder druk gekom vir gebrekkige dienslewering en hul selfbeeld is erg aangetas. Graan SA het hierdie vennootskap met die departemente as 'n manier gesien om verhoudings met die voorligtingsbeamptes te bou en te help om hulle te bemagtig en hulle posisie in die gemeenskappe te herstel. Ons het hard aan die bou van hierdie verhoudings gewerk, wat met tye uitdagend is, aangesien sommige voorligtingsbeamptes ons program as 'n bedreiging vir hul posisie sien.

**Vertrouensverhouding met die boer**

Die feit dat die departement jou met herkapitaliseringsbefondsing toevertrou het, beteken nie dat die boere noodwendig 'n vertrouensverhouding met jou het nie – vertroue moet verdien word en dit neem

tyd. Ons werk hard om die boere te wys dat ons werklik wil help om suksesvolle, onafhanklike boere te vestig.

**Bestuur van die geld**

Ontvangs van 'n groot som geld van enige staatsdepartement is gekoppel aan 'n groot verantwoordelikheid en dit is absoluut noodsaaklik om 'n baie akkurate en funksionele stelsel in plek te hê wat nie net rekening van die geld hou nie, maar ook die verslae wat vereis word, kan genereer. Ons is bevoordeel om in hierdie onderneming van PricewaterhouseCoopers se dienste gebruik te maak; hulle het ons met die vestiging van 'n internetgebaseerde rekeningkundige- en dokumentbestuurstelsel gehelp.

**Aankope**

Deel van die proses van ontwikkeling is om te verseker dat boere op 'n sekere stadium in 'n posisie sal wees om op sy/haar eie as 'n kommersiële

Tabel 1: Statistieke van die herkapitaliseringsprogram

		TOTAAL	NW 83	NW 26	NW 14	VS 16	MP 2
			DLLO	DLLO	DLOGH	DLOGH	DLOGH
WERKNEMERS/ WERKSKEPPING	PERMANENTE WERK	<b>369</b>	181	65	48	65	10
	SEISOENALE WERK	<b>260</b>	111	27	64	58	
GEDETAILLEERDE BATES	BEWERKBARE GROND BESIKBAAR AAN DIE BOER	<b>20 744</b>	10 453	4 195	2 874	2 752	470
	WEIVELD BESIKBAAR AAN DIE BOER	<b>16 958</b>	9 046	1 390	2 780	2 942	800
BATES (OPSOMMING)	GROOTVEE	<b>3 358</b>	1 923	761	461	854	213
	KLEINVEE	<b>2 689</b>	1 281	360	119	784	75
	TREKKERS (AANTAL)	<b>1 049</b>	139	77	44	56	5
	ANDER VOERTUIE (AANTAL)	<b>194</b>	86	36	14	44	2
	IMPLEMENTE EN MASJINERIE (AANTAL)	<b>931</b>	459	299	115	244	14
MIELIEPRODUKSIE	HEKTAAR OM HIERDIE SEISOEN AAN TE PLANT	<b>7 562</b>	3 395	1 300	1 592	1 035	240
SONNEBLOMPRODUKSIE	HEKTAAR OM HIERDIE SEISOEN AAN TE PLANT	<b>9 999</b>	5 863	1 805	1 043	1 258	30
DROËBONEPRODUKSIE	HEKTAAR OM HIERDIE SEISOEN AAN TE PLANT	<b>60</b>					60
KORINGPRODUKSIE	HEKTAAR HIERDIE SEISOEN AANGEPLANT	<b>128</b>				128	
	<b>TOTALE HEKTAAR</b>	<b>17 749</b>					

# Maak dit moontlik met herkapitalisering

boer voort te gaan. Dit is dus baie belangrik om te verseker dat die boer gewys word hoe om vergelykende kwotasies te verkry en om dit van 'n plaaslike netwerk van verskaffers te verkry – die boer moet weet waar om hulp en advies te kry sodra die herkapitaliseringsprogram verby is. Ons het baie hard probeer om drie kwotasies vir alle aankope te kry en dan is dit die boer se besluit waar om die goedere te verkry. Geen betalings word gedoen sonder die boer se handtekening op die bestelling nie – op hierdie manier kan ons seker wees dat die boer weet wat gekoop word en dus sy toestemming moet gee om die items te verkry.

## Verslagdoening

Finansiële en statistiese verslae word deur die departemente sowel as deur Graan SA vereis – dit is absoluut noodsaaklik dat akkurate en tot-op-datum verslae ten alle tye beskikbaar is.

## Probleemoplossing

Boerdery is 'n uitdaging en probleme is onvermydelik – ons probeer om alle probleme op te los soos dit ontstaan en gebeure te hanteer wat voorkom. Ons het onlangs 'n uitbraak van kommandowurms in mielies in die Noordwes Provinse gehad – dit vereis onmiddellike optrede voor dat te veel skade aan die mielies veroorsaak word.

## Omvang en impak van die program hierdie jaar

Ons is tans met vyf verskillende "groepe" boere besig – verskillende befondsing van verskillende departemente in die verskillende provinsies. Die fokus van die herkapitaliseringsprogramme is op generering van inkomste, grondgebruik, voedselproduksie en armoedeverligting – vandaar die statistiek in **Tabel 1**.

### Uitdagings

#### Verwagtinge

Wanneer ons met mense te doen het, is daar 'n probleem, omdat die hele proses verwagtinge skep. Wanneer mense van die moontlikheid

van herkapitalisering hoor, wil hulle onmiddellik begin en ons het gevind dat nie alles gebeur soos beplan nie. Soms neem departemente 'n lang tyd om die geld oor te betaal en dan is die begunstigdes baie gefrustreerd met almal.

#### Tydsberekening van befondsing

Die departemente werk ook binne 'n geskeduleerde kontantvloei en die geld kom dikwels te laat om vir die seisoen wat op hande is, voor te berei. Aankope kan slegs begin wanneer die geld ontvang is – en dan is die goedere nie noodwendig gerедelik beskikbaar nie. Daar kan 'n vertraging van maande met die aankoop van sekere trekkers en implemente wees – wanneer die geld laat is, kan die plantseisoen gemis word.

Die aankoop van trekkers en implemente is nodig voordat bewerking kan begin – bewerking is ook afhanklik van die reën. In sommige gevalle, teen die tyd wat jy daarin geslaag het om die implemente aan te koop, is die lande droog en kan dit nie bewerk word nie. Ons moet ook onthou dat baie van die boere wat herkapitalisering ontvang, dalk vir 'n paar jaar nie die lande bewerk het nie as gevolg van verskeie probleme, en hierdie lande vereis bykomende bewerking om hulle reg te kry ten einde 'n gewas te produseer.

In sommige gevalle kan die ooreenkoms met die departement bepaal dat 'n sekere persentasie van die geld op 'n sekere datum oorbetaal sal word – die geld kan laat wees, of slegs 'n gedeelte van die geld kan oorbetaal word. Dit bring 'n ander stel uitdagings mee, aangesien ons moet saamstem oor hoe om die beskikbare geld te spandeer – terwyl ons hoop dat die balans ook ontvang sal word.

#### Identifisering en bestuur van mentors

In sommige provinsies is dit baie makliker om goeie, ervare boere as mentors te werf en te kontrakteer. In die Vrystaat byvoorbeeld, bly die ontwikkelende boere tussen die kommersiële boere en is daar dus 'n natuurlike goeie buurmanskap. In sommige van die meer afgeleë landelike gebiede, is daar baie min kommersiële boere en mentors moet aansienlike afstande ry om die ontwikkelende boere te bereik. Dit is nie ideaal nie.



Tlhepile Isak Shashape en Tshotetsi Jeremiah Mogapi, albei boere van die Delareyville-distrik, met hul mentor, Gert van Rensburg.

Soos reeds genoem, is dit van kritieke belang om "goeie" mentors, wat toegewyd tot die proses van transformasie is, te kontrakteer.

### Kriteria vir die seleksie van die boere

Dit bly 'n baie netelige vraag – ons ervaar probleme met mense wat nie voltyds bona fide boere is nie. Wanneer hulle deel van die herkapitaliseringaprogram vorm, is dit soos een mentor dit gestel het: "Hulle dink hulle het die insette en 'n plaasvoorman ontvang." In ons ontwikkelingsprogram is ons ernstig oor die vestiging van onafhanklike, volhoubare boere en ons wil nie "vir mense boer" wat nie eens op die plaas is nie.

Ons het ook probleme met boere wat nie eienaarskap van die program neem nie, ondervind – hulle gee nie om oor die toerusting nie en voel dat hulle regeringseiendom kan ruïner – hulle sien nie herkapitalisering as 'n groot geleentheid om hulle binne 'n winsgewende en volhoubare boerderyonderneming te vestig nie.

### Swak geskoolde plaaswerkers

Ons het besef dat weens ernstige finansiële beperkinge, baie ontwikkelende boere nie die geld het om hul werkers 'n goeie maandelikse salaris te betaal nie. Sommige betaal swak met die belofte van meer geld ná die oes. Ongelukkig bring dit swak gehalte plaaswerkers op baie van die plase van opkomende boere mee – hulle is nie goed opgelei en gemotiveerd nie. Die oomblik wanneer een van hierdie werkers opgelei en vaardig is, verlaat hulle die boer vir beter betaalde werk elders.

### Die Feesseisoen

Die Kersseisoen kom op 'n baie slechte tyd vir die produksie van somergewasse – die meeste mense in Suid-Afrika wil van 16 Desember tot ongeveer 10 Januarie verlof neem – dit is 'n kritieke tyd vir die plant, spuit en topbemesting van somergewasse. Dit is dikwels moeilik om die werkers entoesiasies oor die werk te kry, veral wanneer die dorp 'n wonderlike feestelike atmosfeer beleef.

### Laat en wisselvallige reën

Graanboerdery vind buite plaas en die boer is aan die genade van die weer oorgelaat. Hierdie jaar, soos verlede jaar ook die geval was, was reën laat en wisselvallig – sommige boere kry goeie reën, terwyl 'n buurplaas nijs kry nie. Ons het ook uiterste hitte ervaar, wat die aanplant van gewasse, veral sonneblom, bemoeilik het (hulle brand dood wanneer hulle uit die grond kom). Ons glo dat al hierdie weerpatrone 'n direkte gevolg van aardverwarming is. Dan moet ons natuurlik ook nie van die hael en te veel reën vergeet nie – veral tydens plant.

### Diens deur insetverskaffers

Ongelukkig is nie alle besighede op dienslewering gefokus nie – baie maak beloftes wat hulle nie nakom nie.

### Volumes administrasie


Hoe meer boere, hoe meer aankope en verslagdoening en hoe meer administrasie – dit is 'n baie noodsaklike aspek van die hele proses, maar die volume administrasie moenie onderskat word nie.

### Die toekoms

Ons is baie opgewonde oor die veranderinge wat deur die herkapitaliseringaprogram teweeggebring word – dit het 'n groot impak wanneer dit korrek gedoen word. Ons hoop dat die goeie verhouding wat tussen Graan SA en die departemente bestaan, van krag tot krag sal groei, sodat ons ons gemeenskaplike doelwit, wat 'n verenigde en voorspoedige landbousektor behels, saam kan bereik.



JANE MCPHERSON, PROGRAMBESTUURDER  
VAN DIE GRAAN SA ONTWIKKELINGSPROGRAM VIR BOERE



Solomon Nkuna van Delmas, kyk na sy sojabone.

# Wintergraan

## Bestuur vir sukses – verseker ‘n winsgewende oes

DIE HOOFDOEL VAN KORINGGEWASBESTUUR NÁ AANPLANTING, IS OM DIE ONTWIKKELING VAN DIE GEWAS TE EVALUEER OM SODOENDE ENIGE GEVARE, VAN WATTER AARD OOK AL EN WAT MOONTLIK ‘N IMPAK OP DIE FINALE OPBRENGS EN INKOMSTE MAG HÊ, TEEN TE WERK.

Die produksie van koring het vir die huidige produksiejaar in sekere gebiede met ongeveer 14% verminder, aangesien boere na ander gewasse oorgeskakel het. Die prys van koring is laag in vergelyking met die verhoogde produksiekoste oor die laaste paar seisoene, waar boere gelyk breek en selfs ‘n verlies met koringproduksie toon.

Baie boere het die somergewasarea op hul plase wat aangeplant gaan word, vergroot. Hierdie besluit kan op verskeie maniere ‘n impak op boerderypraktyke hê, insluitend die vermindering van die hoeveelheid graan wat op ‘n spesifieke plaas geproduseer word asook ‘n konsentrasie by die aanplant van somergewasse, wat finansiële risiko verhoog indien die volgende seisoen ‘n droë jaar is. Die trekkerkrag wat benodig word om somergewasse teen optimale klimaatstoestande te plant, sal dalk nie voldoende wees nie, omdat die plaas gerat is om die verspreiding van die werk op bewerkbare grond, oor ‘n winter- en somergewas, tydens een boerderyjaar te doen.

Sommige boere het verkies om eerder groenvoergewasse in die plek van droëlandkoring vir die vee te plant. Die beplanning vir die bewerkbare area van hierdie fase bly meer in balans tussen winter- en somergewasse. Die groenvoerarea sal beskikbaar wees om koring te plant in die volgende seisoen, indien prys hoog genoeg bly om wins ná die jaarlikse bruto marge-analise te produseer.

Die boere wat hierdie jaar koring op goed voorbereide braaklande met genoegsame voginhoud in die grondprofiel geplant het, sal waarskynlik op hierdie stadium ‘n uitstekende stand koring met goeie spruitvorming hê.

Ten tye van publikasie het die Safex-termynmarkpryse met betrekking tot koring vir Augustus, September, Desember en Maart na tussen R2 763 en R2 811 per ton verstewig. Indien ‘n vervoerdifferensiaal teen ‘n gemiddeld van R200 per ton afgetrek word, kan ‘n finale prys van R2 565 vir B1-gegradeerde koring in die boer se sak verwesenlik word.

Op goeie braaklande met ‘n hoë potensiaal en deur die aanplanting van die korrekte keuse kultivars, kan die gewas hierdie jaar winsgewend wees. Sommige kritiek en belangrike faktore wat bestuursbesluite sal beïnvloed en ‘n positiewe invloed op die finale opbrengs sal hê, word op bladsy 7 bespreek.




Laat spruitstadium by winterkoring naby Tweespruit in die Oos-Vrystaat.



'n Nabye blik van goeie, vroeë spruitvorming in die ry. Die koringpitte is op die regte diepte geplant om voorseening vir die ontwikkeling van sekondêre wortels onder elke spruit te maak.



Aangeplante rye koring met goeie spruitvorming, wat effektiewe onkruidbeheer gedurende die braakperiode en tydens plant aandui.



1. 'n Koringplant waar die eerste groep spruite gegroei en gevorder het tot die tweede node aan die begin van stamverlenging.



2. Die koringplant is meer gevorderd as op die vorige foto, met stamverlenging wat tot baie meer nodes gevorder het en waar die stingel sterker is. Die plant toon baie sterk vorming van sekondêre wortels deur elke spruit, soos benodig om 'n hoë saadtelling by elke aar te produseer.

## Groei en ontwikkeling – die evaluering van die huidige stadium, ontwikkeling en opbrengs

Winterkoring is 'n koelseisoengewas en groei die beste onder matige temperature, maar is in staat om beide koue en warm toestande te weerstaan. Hierdie gehardheid stel koring in staat om die ysige temperature van die winter, die laat ryp van die lente, die hoë temperatuur van somer en droogtestoestande gedurende Oktober, November en Desember te verduur. Koring vereis ook koue vir spruitvorming en blom sodat dit in die lente kan saad skiet. Koring hou feitlik op om teen vriespunt ( $0^{\circ}\text{C}$ ) te groei.

Terwyl jy die verskillende stadiums van jou koringgoes geëvalueer het, moes jy op die volgende groeistadiums van jou gewas gelet het. Ontkieming lei tot saailinge, want dit is die eerste fase van gewasgroei, gevvolg deur spruitvorming, platstoelstadium gedurende die oorwinteringstadium, pypvorming, aarvorming en blomstadium. By rywording ontwikkel die graan en beweeg deur die melkstadium, sage deeg stadium en harde deeg stadium, waarna dit dan fisiologies ryp word. Op hierdie stadium kan die gewas gekombineer word, indien genoeg vog verlore gegaan het, sodat die voginhoud 13,5% is. As jy toegang tot drogingsfasiliteteite het, kan die gewas op ongeveer 15% voginhoud geoes word, sodat die risiko van oormaat reën of hael op die gewas verminder kan word.

Dit is nooit te laat om 'n profielgat te grawe nie, sodat die ontwikkeling van die koringplante onder jou boerdery-omstandighede en in jou eie land waargeneem kan word. Dit is 'n goeie idee om na sekondêre wortelontwikkeling gedurende Junie, Julie en Augustus te kyk. Die diepte van die diepste wortels kan ook gesien word. 'n Nota kan van enige ploeglaag wat duidelik in die grondprofiel sigbaar is, gemaak

word, sodat die korrekte bewerking na-oes uitgevoer kan word om die ploeglaag te breek.

'n Evaluasie van die vogtoestande regdeur die profiel, tesame met die telling van die spruite per vierkante meter, sal die boer 'n idee van die potensiële opbrengs gee. Die opbrengspotensiaal sal bepaal of dit ekonomies lewensvatbaar is of nie om onkruid en peste te beheer ten einde 'n sekere opbrengs te verseker. Die potensiële opbrengs sal ook met die besluit ten opsigte van die grootte van die oes wat bemark moet word, help. As die vogtoestande en die ontwikkeling van die gewas baie goed is, kan die boer 'n termynkontrak vir 'n gedeelte van sy oesoorweeg.

## Monitering van wortelontwikkeling en opbrengspotensiaalevaluasie

Die grootste deel van die wortelstelsel, regdeur die lewe van 'n koringplant, bestaan uit sekondêre of kroonwortels, wat uit ondergrondse nodes op die hoofstam en al die spruite groei. Die funksie van hierdie wortels is om die plant te anker sodat water, minerale en voedingstowwe geabsorbeer kan word. Meeste van die wortels kom in die boonste 15 cm voor, maar sommige kan tot onder 1,5 m deurdring. Indien 'n ondersoek van jou plante sterk sekondêre wortelontwikkeling op elke spruit toon en daar geen ploeglaag is nie, kan dit aanvaar word dat verdere gunstige groei en klimaatstoestande elke spruit sal toelaat om 'n sterk aar te produseer.

# Bestuur vir sukses – verseker 'n winsgewende oes

Tabel 1: 'n Voorbeeld van die verwagte opbrengs per hektaar

Spruitelling binne vierkant wat skuins oor die ry gelê word, van hoek tot hoek	200
Beraamde pitte per aar – gereed om geoes te word	32
Pitte/m <sup>2</sup> = 200 x 32	6 400 pitte/m <sup>2</sup>
Minder as 10% marge vir foute = 6 400 x 0,90	5 760 pitte/m <sup>2</sup>
Verdeel die resultaat deur die faktor van 3 500 = 5 760 ÷ 3 500	165 ton/ha

Die kritieke deel van die plant is die deel wat gewoonlik 25 mm onder die grond beskerm word. Elke spruit het 'n groeipunt, wat ondersoek kan word deur 'n plant te vat en die spruit te split om die groeipunt te vind. Ondersoek van die groeipunt kan met gereeld tussenposes uitgevoer word om te sien wat met die gewas gebeur.

Die potensiële opbrengs van koring kan 'n paar weke na-plant bepaal word, afhangende van die plantdiepte, grondvog en vrugbaarheid. Die ontwikkeling van die eerste koringgraanselle kan onder 'n vergrootglas gesien word en kan 'n goeie idee van die uiteindelike grootte van die are ná die pypstadium gee.

Die spruite wat 'n paar weke na-plant begin groei het, plat af met die aanvang van die koue in die winter, terwyl die wortels voortgaan om te groei. Wanneer die weerstoestande gedurende Augustus en September warm is, verander die plant van platsstoelvorming en groei meer regop, omdat die skede wat die stele bedek, langer word en die stele tussen die blaarnodes verleng.

Die aantal spruite sal deur die plantdigtheid per vierkante meter asook deur die spruite wat op elke plant ontwikkel het, bepaal word. Dit is moontlik om tien spruite per plant te hê by koring wat in Junie ná 'n lang braaktydperk geplant is.

## Opbrengsevaluasie

Die maklikste manier om koringopbrengs op enige stadium te evalueer, is om 'n vierkante meter van 8 mm staal, met twee skarniere op teenoor gestelde kante, te maak. Die vierkant kan dan maklik opgevou word vir gemak by vervoer. Die vierkant word met twee van die skuins hoeke langs 'n ry geplaas, sodat aangrensende rye in die boonste en onderste helfte van die vierkant val. Die spruite kan dan getel en met die geskatte aantal pitte wat op elke aar geproduseer word, vermenigvuldig word. Moenie 'n geel of onderontwikkelde spruit tel nie, aangesien dit waarskynlik nie 'n volle koringaar sal vorm nie. Soos die spruite langer word, kan die groeipunt binne-in die toekomstige aar ondersoek word, wat 'n aanduiding van die uiteindelike potensiaal sal wees. Die resultaat kan met 10% verminder word om konserwatief te wees en dan deur 'n konstante van 3 500 gedeel word. Die antwoord sal jou 'n idee van die verwagte finale opbrengs per hektaar gee. 'n Voorbeeld word in **Tabel 1** verskaf.

'n Geskatte aartelling van 40 sal tot 'n verwagte opbrengs van 2,05 ton/ha lei. Dit kan dus gesien word dat aartelling 'n groot invloed op die finale opbrengs het.

Die vierkant kan op soveel plekke prakties moontlik in 'n land waar die groei verteenwoordig van die groei oor die hele land is, geplaas

word. Die resultate kan dan 'n gemiddelde verteenwoordigende finale opbrengsskatting vir 'n spesifieke land gee. Wanneer al die lande geëvalueer word, sal die boer 'n redelike idee met betrekking tot die totale opbrengs en moontlike inkomste van die oes hê.

Onthou dat wanneer die hoeveelheid spruite tot 300/m<sup>2</sup> en meer toeneem, sal die koringplant, onder droëlandstoestande, gewoonlik vergoed deur die moontlike aantal pitte op die aar te verminder. Dit kan wissel van ongeveer 55 tot 24 pitte per aar en is afhanklik van baie faktore, insluitend die heersende vogtoestande en die intensiteit van die warm en droë periodes, veral gedurende Oktober, voor die rypwordingstyd. Die telling sal meer akkuraat wees wanneer die gewas uit die spruitstadium en pypstadium beweeg en uiteindelik deur die vlagblaarstadium en aarvorming gaan.

Deur dit op 'n gereeld basis te doen, terwyl onkruid en insekte beheer word, kan baie oor die toestand van die gewas geleer word. Die boer se "voetspore" kan in baie gevalle die finale opbrengsresultate bepaal.

## ARTIKEL VERSKAF DEUR 'N AFGETREDE BOER



**Hierdie spesiale bylaag is moontlik gemaak deur die bydrae van die Wintergraantrust.**

# Veiligheid in die werkswinkel is belangrik

ELKE PLAAS OF HUISHOUING HET 'N WERKSWINKEL. DAAR WORD VAN ALLE WERKGEWERS VERWAG OM AAN DIE WET TE VOLDOEN, IRRELEVANT VAN DIE GROOTTE VAN HULLE WERKSWINKELS.

Daar is verskeie vereistes wat deur die wet vereis word, waaraan 'n werkgewer moet voldoen. Sommige van hierdie vereistes behels die volgende:

- Draagbare elektriese gereedskap;
- Lere;
- Nie-elektriese gereedskap;
- Elektriese stelsels; en
- Voorsorgmaatreëls met betrekking tot vuur ensovoorts.

Al die bovenoemde voorsorgmaatreëls moet volgens die wet met 'n maandelikse inspeksie gepaardgaan. In sommige gevalle is daar ook inspeksies wat op 'n daagliks basis moet plaasvind.

Daar is sekere toerusting in die werkswinkel wat slegs deur 'n opgeleide operator gebruik mag word. Só 'n operator moet ook oor 'n bevoegdheidsertifikaat beskik. In die geval waar 'n werkswinkel kontrakwerk vir kliënte doen wat werk op, of in hoë plekke vereis, is dit die verantwoordelikheid van die eienaar om te verseker dat die werkers 'n mediese sertifikaat het, wat deur 'n mediese praktisyen wat toegerus is om hierdie tipe evaluasies te kan doen, uitgerek is in terme van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid.

'n Werkswinkel moet ook 'n wettig aangestelde operator asook 'n inspeksielys hê vir die gebruik van 'n kompressor. Dit is belangrik om te weet dat 'n kompressor elke 36 maande 'n druktoets moet ondergaan.

In 'n groot werkswinkel, waar daar meer as een sveisarea is, is dit ook nodig dat elke gebied afgesper word met en beskerm word deur spesifieke materiaal wat vervaardig is vir die doel om dit te beskerm. Alle sveisareas moet ook 'n brandblusser hê wat in goeie werkende toestand is.

Werkswinkels op plase moet verkieslik veilige plekke hê waar personeel wat nie in die werkswinkel werk nie, kan beweg sonder om aan enige gevaar blootgestel te word.

Wanneer van tuisgemaakte rakke gebruik gemaak word, moet 'n veilige dragewig bepaal word, sodat hierdie rakke nie met onderdele en ander items oorlaai word en sodoende 'n gevaar vir werknemers inhoud nie.

Dit is ook belangrik om 'n veilige omgewing binne die werkswinkel te identifiseer waar vlambare vloeistowwe gestoor kan word. Hierdie areas moet ook met die nodige waarskuwingstekens asook brandblusser toegerus wees. Alle werkers moet opgelei word en weet hoe om 'n brandblusser te gebruik in die geval van 'n noodgeval.

Dit is ook belangrik om die vereiste beskermende klere in die werkswinkel te dra. Die eienaar of bestuurder van die werkswinkel is verantwoordelik daarvoor om die nodige klere te voorsien. Dit is ook belangrik vir die eienaar of bestuurder van die werkswinkel om bewus te wees daarvan dat die vereiste gehoorbeskerming die desibels na onder 85 dB moet afbring. Daar is verskeie tipes gehoorbeskermingsapparate op die mark – dit is belangrik om die regte apparaat te kry.

Veiligheidstekens moet opgerig word en daar moet verseker word dat niks die voorkant van hierdie tekens versper nie. Dit is ook die verantwoordelikheid van die veiligheidsverteenvoordigers om te verseker dat alle werknemers aan die reëls voldoen. Dissiplinêre aksie moet teen werknemers wat hierdie reëls verontgaam, geneem word. Dit is ook die verantwoordelikheid van die veiligheidsverteenvoorder om te verseker dat die veiligheidsmechanismes van alle bewegende masjinerie of toerusting in plek is en in stand gehou word. Bewegende dele wat nie beskerm is nie, kan 'n werknemer maklik beseer. Sodanige beserings moet onmiddellik gerapporteer word.

Beskermende klere (PPE) moet op 'n maandelikse basis geïnspekteer word en indien dit bevind word dat dit nie voldoende is nie, moet dit gratis deur die werkgewer vervang word. Die verantwoordelike persoon moet ook verseker dat geen los klere deur werknemers wat met masjinerie werk, gedra word nie.

Dit is baie belangrik dat elke werkswinkel 'n noodhulpkissie het en dat een of meer werknemers opgelei is om noodhulp toe te pas. Die noodhulpkissie moet op 'n maandelikse basis geïnspekteer word en aangevul word wanneer nodig. In die geval waar 'n ongeluk wel gebeur, moet 'n deeglike onderzoek plaasvind om die oorsaak van die ongeluk te bepaal en maatreëls moet in plek gestel word om dit in die toekoms te vermy. Dit is ook belangrik om te weet dat indien dit gebeur dat 'n werknemer 'n ledemaat verloor of sterf as gevolg van 'n werksverwante voorval, dit onmiddellik aan die Departement van Arbeid gerapporteer moet word.

CHARL SAAYMAN, PULA/IMVULA MEDEWERKER



# Begrotings – ‘n bestuurshulp-middel by uitnemendheid

WANNEER DIT BEHOORLIK GEBRUIK WORD, WORD ‘N BEGROTING ‘N GROOT BESTUURSINSTRUMENT TOT VOORDEEL VAN JOU BESIGHEID, TERWYL DIT TERSELFERTYD FINANSIEËLE DISSIPLINE IN JOU BESIGHEID BEVORDER. ‘N BEGROTING KAN DUS DIE HULPMIDDEL WEES WAT JOU KAN HELP OM JOU DOELWITTE TE BEREIK.

In vorige artikels het ons bespreek wat ‘n begroting is en hoe om dit op te stel. Dit het beskryf dat ‘n begroting ‘n korttermynbesigheidsplan is, wat gewoonlik vir een jaar voorberei is, met subperiodes van een maand. ‘n Begroting word in finansiële en fisiese terme uitgedruk en werk na die besigheid se doelwitte. Gewoonlik is daar afsonderlike, of subbegrotings vir elke sleutelarea, wat dan in die hoofbegroting saamgevat word en ‘n aanduiding van die verwagte finansiële sukses is soos weerspieël in die begrote Balansstaat, Inkomstestaat en Kontantvloeistaat.

Sodra jy die moeite gedoen het met die opstel van ‘n begroting, maak dit net sin dat ‘n mens dit behoorlik as ‘n bestuursinstrument moet gebruik. Wanneer jou begroting ten volle gebruik word, bevorder dit dissipline in die bestuur van jou besigheid. As jy die eienaar/bestuurder van jou eie besigheid is, kan dit met tye moeilik wees om jou eie “baas” te wees. Aangesien dit egter jou besigheid en jou geld is, kan jy doen wat jy wil en geld spandeer soos jy wil. Hierdie gedrag is egter definitief rampspoedig. ‘n Begroting kan hierdie funksie om jou “baas” te wees, vervul tot die voordeel van jou besigheid. Deur dit te gebruik, bevorder dit die dissipline om alle take te voltooi soos beplan, teen die koste wat vir die taak toegelaat is. ‘n Begroting sal jou help om op ‘n gedisiplineerde wyse in beheer van jou besigheid te wees. Kom ons illustreer dit met ‘n paar voorbeelde.

Ten opsigte van die aankoopfunksie van jou besigheid, stimuleer begrotings dissipline wanneer enige item wat in jou besigheid nodig is, aangekoop word. Wanneer jy geld volgens jou begroting bestee, word die koste onder beheer gehou en bevorder dit dissipline – jy leer om nie te spandeer

sonder om jou begroting te raadpleeg nie. Selfs wanneer jy iets onvoorsiens moet aankoop, word dit ‘n gewoonte om eers jou begroting te raadpleeg – jy neem dan ‘n finansiële besluit met begrip van die implikasies van die onvoorsiene aankoop op die finansiële sukses van jou besigheid.

Met betrekking tot kapitaalaankope (die koop van ‘n trekker, implemente, bakkie) vereis dit ook dissipline om nie onbeheers of spontaan aan te koop nie. As jy begroot het om ‘n bakkie teen ‘n koste van R200 000 te koop, sal die aankoop reg wees, want jy het vooruit beplan en al die finansiële implikasies oorweeg.

Indien jy egter op die ingewing van die oomblik besluit om ‘n bakkie te koop vir watter rede ook al, kan jy jou totale besigheid in gevaar stel, omdat jy nie al die finansiële implikasies behoorlik oorweeg nie. Gewoonlik sal ‘n aankoop van hierdie aard deur ‘n lening gefinansier moet word. Indien jy sowat R200 000 teen 10% rente leen, terugbetaalbaar oor ‘n periode van vyf jaar, sal die maandelike paaiemnt R4 249 wees. Die rente op hierdie transaksie sal R54 965 wees, wat beteken dat enige wins wat oor die tydperk van vyf jaar gegenereer is, met R54 965 verminder sal word. Verder is jy besig om die kontantvloeい van jou besigheid onder druk te plaas, aangesien R4 249 elke maand beskikbaar moet wees vir die paaiemnt. Indien jy betalings mis, beïnvloed dit jou kredietwaardigheid nadelig. Selfs jou Balansstaat kan nadelig deur die hoë laste gedeelte geraak word. Dus kan só ‘n aankoop die finansiële sukses van jou besigheid negatief beïnvloed. Wees gedissiplineerd – beplan en stel ‘n begroting saam, gebruik dit behoorlik en koop volgens jou begroting. Dit is slegs goeie finansiële bestuur. Miskien moet ‘n mens die uitdrukking, “Moenie môre se geld vandag spandeer nie”, oorweeg.

Tweedens bevorder ‘n begroting die hou van behoorlike rekords, beide produksiegewys en finansiële rekords, van jou besigheid. Om jou begroting effekief te gebruik, moet jy die werklike uitkoms van alle aksies met jou begroting vergelyk vir kontroledoeleindes sowel as om enige ongerymdhede reg te stel. Dit vereis behoorlike rekords van die werklike aksies.

‘n Groot uitdaging is om behoorlike rekords van kontantverkope te hou. Soms word hierdie rekords verwaarloos weens redes soos om nie die inkomste te verklaar nie en belasting te verminder. Dus, wanneer jy produkte vir kontant verkoop, steek jy eenvoudig die kontant in jou sak sonder opname van die inkomste. Wanneer dit gedoen word, is jou rekords nie akkuraat nie en maak dit dus behoorlike beheer tot niet. Die wins/verlies van jou besigheid wat uitgebeeld word, is dan ook nie die ware prentjie nie. Hoe kan jy dan behoorlike finansiële besluite maak uit foutiewe finansiële rekords? Hoe gaan jy behoorlik beplan vir die volgende jaar met verkeerde rekords? Dit wil dus voorkom dat deur onetiese besluite te neem, jy jouself mislei en jou eie besigheid in gevaar stel. Jy kan verkeerde besluite neem as gevolg van foutiewe rekords. Die uitdrukking, “Om te bestuur, moet jy meet of rekord hou”, is goed bekend, maar dit impliseer akkurate rekords. Hoe kan jy behoorlik bestuur indien jou rekords nie akkuraat is nie?

‘n Verdere bekommernis is ook jou verhouding met finansiële instellings en moontlik SARS. Mense hou daarvan om sake met ‘n betroubare en geloofwaardige persoon te doen. Indien jy as ‘n onbetroubare kliënt bekend staan, sal dit tot die nadeel van jou besigheid wees.

As jy nie weet waarheen jy op pad is nie, sal jy nie daar uitkom nie. ‘n Behoorlik saamgestelde begroting bepaal die bestemming van jou besigheid en wanneer dit korrek gebruik word, met die nodige dissipline, sal dit jou help om jou bestemming te bereik. ‘n Begroting plaas jou in beheer van jou besigheid.




MARIUS GREYLING, PULA/IMVULA MEDEWERKER



**Moenie môre se geld  
vandag spandeer nie.**

# Leer ken...

## Ralph Swart



HIERDIE MAAND LEER KEN ONS RALPH SWART, WAT MET KORING, GARS EN KOROG BOER. RALPH IS VAN ELIM IN DIE WES-KAAP.

### Waar en op hoeveel hektaar boer jy? Waarmee boer jy?

Ek boer in die Elim-distrik in die Wes-Kaap. Tans huur ek 1 059 ha en besit 89 ha van my eie grond. Ek plant ongeveer 200 ha koring, 200 ha gars en 200 ha korog.

### Wat motiveer/inspireer jou?

Ek is trots daarop om 'n derde generasie boer te wees. Ek het saam met my pa begin boer en sal dit vir nik s verruil nie. Ek boer al vir 33 jaar.

### Beskryf jou sterkpunte en swakhede

My sterkpunte is dat ek gewillig is om hard te werk en nie bang is om moeilike besluite te neem nie. My swakheid is dat ek nie 'n baie sosiale mens is nie.

### Wat was jou oesopbrengs toe jy begin boer het?

### Wat is jou onderskeie opbrengste nou?

Ek het op 4 ha begin boer met 'n opbrengs van 0,8 ton/ha. Hierdie jaar het my oes tussen 2,5 ton en 3 ton/ha opgelewer. Ons het egter geen reën gehad nie en erge windskade ervaar, wat my opbrengs sodoende verlaag het.

### Wat dink jy was die hoofbydraer tot jou vooruitgang en sukses?

Nie net het die Departement van Landbou in die Wes-Kaap my bygestaan nie, maar Graan SA het my ook van opleiding voorsien en hulle betrokkenheid het vreeslik baie vir my beteken.

### Watter opleiding het jy tot op hede ontvang en watter opleiding sal jy nog graag wil ontvang?

Ek het die Boerderyhulpbronevalueringskursus asook die Trekkerinstandhouingskursus voltooi. Ek sal graag die Finansiële Besturskursus en Personeelbestuurkursus in die toekoms wil bywoon. Ek sal ook graag wil leer hoe om grondmonsters te neem.

### Waar sien jy jouselfoor vyf jaar?

Ek sal graag 'n gevestigde kommersiële boer wil wees, met 'n nalatenskap wat aan my twee seuns en hulle families kan gaan.

### Watter raad het jy vir jong aspirant-boere?

WERK! 24 uur per dag! Sit alles in elke dag!

**TOIT WESSELS, PROVINSIALE KOÖRDINEERDER VAN DIE GRAAN SA ONTWIKKELINGS PROGRAM VIR BOERE**

# PULA IMVULA

*Die publikasie word moontlik gemaak deur die bydrae van die Mielietrust.*

**GRAA SA**  
Posbus 74087, Lynwood Ridge, 0040  
► 08600 47246 ◀  
[www.grainsa.co.za](http://www.grainsa.co.za)

**VERSPREIDING**  
*Liana Stroebel*  
► 084 264 1422 ◀  
[liana@grainsa.co.za](mailto:liana@grainsa.co.za)

## ONTWIKKELINGSKOÖRDINEERDERS

**Danie van den Berg**  
Vrystaat (Bloemfontein)  
► 071 675 5497 ◀  
[danie@grainsa.co.za](mailto:danie@grainsa.co.za)

**Johan Kriel**  
Vrystaat (Ladybrand)  
► 079 497 4294 ◀  
Kantoor: 051 924 1099 ◀  
[johank@grainsa.co.za](mailto:johank@grainsa.co.za)  
Dimakatsi Nyambose

**Jerry Mthombothi**  
Mpumalanga (Nelspruit)  
► 084 604 0549 ◀  
Kantoor: 013 755 4575 ◀  
[jerry@grainsa.co.za](mailto:jerry@grainsa.co.za)  
Nonhlanhla Sithole

**Naas Gouws**  
Mpumalanga (Belfast)  
► 072 736 7219 ◀  
[naas@grainsa.co.za](mailto:naas@grainsa.co.za)

**Jurie Mentz**  
KwaZulu-Natal (Vryheid)  
► 082 354 5749 ◀  
Kantoor: 034 980 1455 ◀  
[jurie@grainsa.co.za](mailto:jurie@grainsa.co.za)  
Sydwel Nkosi

**Ian Househam**  
Oos-Kaap (Kokstad)  
► 078 791 1004 ◀  
Kantoor: 039 727 5749 ◀  
[ian@grainsa.co.za](mailto:ian@grainsa.co.za)  
Jenilee Bunting

**Lawrence Luthango**  
Oos-Kaap (Mthatha)  
► 076 674 0915 ◀  
Kantoor: 047 531 0619 ◀  
[lawrence@grainsa.co.za](mailto:lawrence@grainsa.co.za)  
Cwayita Mpofyi

**Toit Wessels**  
Wes-Kaap (Paarl)  
► 082 658 6552 ◀  
[toit@grainsa.co.za](mailto:toit@grainsa.co.za)

**ONTWERP, UITLEG EN DRUK**  
**Infoworks**  
► (018) 468-2716 ◀  
[www.infoworks.biz](http://www.infoworks.biz)

**infoworks**  
*your ideas can fly*

**PULA IMVULA IS BESKIKBAAR IN DIE VOLGENDE TALE:**

**Afrikaans,**  
Engels, Tswana, Sesotho,  
Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

# As jy nie diere kan voer nie, moenie hulle aanhou nie!

**DIERE WORD VIR 'N SPESIFIKE DOEL AANGEHOU. SOMMIGE DIERE, SOOS BY-VOORBEELD HONDE OF KATTE, WORD AS TROETELDIERE/METGESELLE AANGEHOU, TER-WYL DIERE SOOS BEESTE, HONDE EN TREKDIERE OP DIE PLAAS WERK; ANDER DIERE VOORSIEN WEER HUISHOUDELIKE VOEDSEL OF GENEREER 'N INKOMSTE UIT DIE PRODUKTE WAT HULLE PRODUSEER, SOOS VLEIS, MELK OF EIERS.**

Ten einde te funksioneer en te produseer, moet essensiële voedingstowwe in die vorm van energie, proteïene, minerale, vitamiene en water (buitenveld wat nodig is vir die instandhouding van normale liggaamsfunksies) aan diere voorsien word.

Die Wet op Dierewelstand van 2006 maak eienaars verantwoordelik om te verseker dat daar aan die welsynbehoeftes van hul diere voorsien word. Dit sluit die volgende in:

***Die grootheid van 'n nasie en sy morele vooruitgang kan deur die wyse waarop sy diere behandel word, beoordeel word.***

- Vry van dors, hongerte en wanvoeding;
- Vry van ongemak;
- Vry van pyn, beserings en siektes;
- Vry om normale gedrag te openbaar; en
- Vry van vrees en angs.

Dit is belangrik om te besef dat diere nie aangehou kan word indien jy as die eienaar of persoon wat verantwoordelik vir hulle is, nie aan hul voedingsvereistes kan voldoen nie. Dit is beter om minder gesonde diere te hê as baie maar en siek diere. Dit is ook belangrik om die volgende te onthou:

- Een koei moet ongeveer 10 kg droë materiaal (die helfte van 'n baal voer) per dag vreet; en
- Een koei benodig ongeveer 40 liter water per dag en selfs dubbel dit wanneer sy lakteer.

**LIANA STROEBEL, PULA/IMVULA MEDEWERKER**

***Daar is meer belang in gesondheid as in getalle...***



Hierdie land produseer nie genoeg voer om diere te onderhou nie.

**Ons poog om die beste moontlike publikasie uit te gee. Enige voorstelle of terugvoer oor die redaksionele inhoud of aanbieding, kan aan Jane McPherson gerig word.**